# Pantoffel Skoffel



12 April—Goudrif se jaarlikse dans. En hierdie jaar was die tema "Pantoffel Skoffel". Wat 'n brainwave Marinda! Elizet behoorlik nog ekstra kaartjies gaan print het so vining het dit gevlieg. Almal wa baie opgewonde vir die dans en het soveel gees getoon met hul uitrustings. Kotie en Jan het die prys gewen vir bes gekledes. Hulle was in hul slaapklere getooi van kop tot tone. Jan meen egter dat stoukies nie so lekker dans nie, volgende keer sal hy dalk maar eerder 'n pantoffel aantrek met 'n bietjie sterker sool. Die saal het volgepak gesit. Mens kon skaars by die deur in en uit kom. En probeer jy oor die dansvloer loop moes jy dit maar eerder so dans dans doen, anders het jy nooit aan die anderkant uitgekom nie. Meeste van die Goudrif lede was daar, en dan was daar ook heelwat vreemde gesigte. Ek dink egter na die aand se kuier is almal seker as vriende uitmekaar. Tussen die dans deur het Bettie sommer die kans gebruik om ook ons hoofkantoor lootjies te verkoop. Nou moet ons net duim vashou dat een van ons vriende wen—sal dit nou nie



'n lekker kersie op die koek wees nie! Natuurlik val so 'n dans ook nie net uit die lug uit nie. Baie dankie aan Marinda, Deon en Susan vir al julle moeite. Dankie ook aan elke gasvrou wat haar tafel se kaartjies so getrou verkoop het. Ons het 'n pragtige wins van R 6340 gemaak wat ons weer in ons verjaarsdag kamp kan terugploeg om al die lede bietjie te bederf. Met so 'n span, pak ek die filistyne aan!







